

8 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 95 en 96

Fokusgedeelte: Psalm 95

Kom ons aanbid

Psalm 95 roep ons op tot ware aanbidding in nederige gehoorsaamheid tot lof van die Here.

Lof alleen is nie genoeg nie. Hierdie Psalm sê so duidelik dat ons aanbidding nie net lof is nie. Dit gaan nie net oor "lekker sing" en meevoerende musiek nie. Psalm 95 kan in drie kernwoorde saamgevat word: loof (1-5), buig (6-7) en luister (7-11).

Die oproep om die Here te loof staan voorop: "Kom, laat ons jubel tot eer van die Here". Dit word 'n heerlike loflied oor die lewende God. Hy het alles gemaak en Hy is ook ons Verlosser en sorg vir ons. Laat ons na Hom toe gaan met lof, laat ons Hom toejuig met lofgesange!

Naas die lof kom die oproep om ons neer te buig. Dit is die hartklop van aanbidding. Ons kniel voor Hom neer, al is dit net in ons hart en in ons gedagtes. Ons verootmoedig ons voor die grote God wat alles gemaak het. En ons verwonder ons daaroor dat Hý na ons omsien en vir ons sorg.

Derdens word ons opgeroep om te luister en te gehoorsaam, anders klink die lof hol en is die verootmoediging nie eg nie. Ware godsdiens is nie net uitbundige lof en vrolike musiek nie. Egte lofprysing wat die Here eer kom uit ons lewe voort waarin ons gehoorsaam aan die Here is en na sy Woord luister.

Sing: Psalm 95:1,3,4

Dr F van der Walt (Bellville-Oos)